



'My broers en susters, julle geloof in ons Here Jesus -Christus, die Here van die heerlikheid, moet so wees dat julle nie iemand na die uiterlike beoordeel nie.

(Jakoubs 2:1)



Nadat jy hierdie prent ingekleur het, kan jy gerus vir 'n paar mense die storie gaan vertel. As jy nie die storie ken nie, gaan vra vir Pappa en Mamma om dit vir jou te vertel.


Lukas 10:25 - 37

Het dit al vir jou gevoel of jy nie inpas by 'n groep nie? Hoe het dit vir jou gevoel?

Wat kon die ander mense doen om jou nie so te laat voel nie?

Wat kan jy doen dat ander mense nie voel soos die *odd one out* nie?


'n Liedjie om na te luister: <https://youtu.be/47Kf90d7Tf8>



## **Teken 'n prent**

*van jouself wat speel met iemand wat heeltemal anders is en lyk as jy*

**Skryf hier 'n gebed waarin jy God vra om jou te help om dieselfde op te tree teenoor alle ander mense:**



Nog 'n plek in Die Bybel waar vertel word dat die Here mense nie na die uiterlike beoordeel nie, is wanneer Samuel 'n nuwe koning moet aanwys. Vra Pappa en Mamma dat julle hierdie stuk geskiedenis saam moet lees. Ons kry dit in 1 Samuel 16:1 - 13. Hoor net hoe mooi staan dit in vers 7.

***Die mens kyk na wat hy sien, maar die HERE kyk na die hart.***

Teken gerus 'n prentjie om hierdie vers te verduidelik.

Of probeer om dit op enige ander manier uit te beeld.

... en stuur dan asseblief vir my 'n foto daarvan - 082 859 5646

***Die mens kyk na wat hy sien, maar die HERE kyk na die hart.***

***(1 Samuel 16:7)***